

Kategeet werkblad: 23 Januarie 2011

Teksgedeelte:

Jesaja 15:1-9

Agtergrond:

(Uittreksels uit Bybelstudie deur Annene Mullins, Kobus Myburgh en Fanie Cronjé)

Juda en Moab was bure. Hulle was ook ver langs familie van mekaar. Die Here het 'n saak met beide. Hy is immers die Here van die nasies.

Na die Sodom en Gomorra-gebeure het Lot só menssku geword, dat hy met sy dogters die berge ingevlug en in grotte gaan woon het. Die gevolg van hierdie afsondering was dat Lot se oudste dogter vir hom 'n seun in die wêreld gebring het. Sy naam was Moab. Hy was die voorvader van die Moabiete.

Die Assiriërs was die ramp wat Moab getref het. Dit was só erg dat hulle moes vlug. Daar is egter geen volk wat daarop kan roem dat hulle ellende kan vryspring nie. Ons weet Israel en Juda het ook nie.

Waar kom die Moabiete se hulp vandaan? Vers 2 antwoord hierdie vraag: '[Hulle gaan op na die huis toe, en Dibon na die hoogtes om te huil; Moab huil op Nebo en in Medéba; hulle koppe is kaal, elke baard is afgeskeer].' Die *huis* verwys hier na die tempel van hulle god, Chemosh. Die *hoogtes* is die hoë plekke waarheen hulle gegaan het om hulle gode te aanbid.

In hulle nood neem die Moabiete hulle toevlug tot Chemosh. Hy doen net mooi niks. Net soos Baäl kan hy nie, want hy is nie.

Sonder hulp van hulle god is die Moabiete sonder enige hoop. Almal van hulle huil oral waar hulle kom. Vers 3 sê: '[Op straat het hulle rouklere aan; op hulle dakke en op hulle oop ruimtes huil almal en die trane rol].' Die Moabiete se hele lewe is deurtrek van die pyn. Op grond van die name van die dorpie en hulle ligging in Moab lyk dit of die ramp die meer noord-oostelike dorpe, Hesbon en Eleale getref het. Van hulle sê vers 4: '[Hesbon en Eleále skreeu, hulle stem word gehoor tot Jahas toe ...]' Dorpe soos Jahas en Dibon 'n entjie verder weg huil ook, want hulle verwag enige dag dat die ramp hulle ook sal tref. Die klaaglied en gehuil was só erg dat dit van dorp tot dorp hoorbaar was.

Waar is die Here in hierdie verskriklike prentjie? Vers 5 sê hoe die Here tot in sy diepste Godwees hieroor voel: '[My hart skreeu oor Moab ...]' Nie van woede nie, maar onsteltenis.

Moab voel godverlate, hulle voel nie God se teenwoordigheid nie, omdat hulle self van Hom weg gedraai het.

Verwagte uitkoms:

By God is vrede te vind, al gebeur slegte dinge met ons is God steeds by ons, ons moet net aan Hom vashou.

Aksie:

Warm of Koud:

Die groepe gaan 'n tipe skattejag speel, wat ons "Warm of koud" noem, omdat dit die beskrywing gaan wees van die fasiliteerder of hulle naby of vêr van die "prys" af is.

Gebruik die binnehof of indien dit reën sê dat daar lekkergoed weg gestee is iewers in die klas.

Soos wat die kinders nader of verder van die wegsteek plek af beweeg sê hulle raak warm of koud.

Die geheim van die speletjie is dat jy die lekkergoed (onopsigtelik!) by jouself moet wegsteek.

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Maak gou 'n opvoerinkie van wat gebeur het in julle soektog. [Hulle kan 'n *action-replay* doen van die gebeure]
- Wat het anders gebeur in hierdie speletjie as wat julle verwag het?

Hart vrae:

- In watter deel van die speletjie het jy die minste/meeste deel daarvan gevoel?
- Noem vyf gevoelens wat julle tydens die speletjie gevoel het.
- Wanneer het dit in jou lewe gevoel asof iemand koud is teenoor jou?

Skoppens vrae:

- Wat het jy van jouself tydens die speletjie uitgevind?
- Hoe het jou gevoelens beïnvloed wat jy tydens die speletjie gedoen het?
- Wanneer voel dit vir jou asof God se hart warm voel oor jou?

Klawers vraag:

- Hoekom voel dit soms vir ons asof God nie meer by ons is nie?
- Beteken dit dat wanneer dit sleg gaan, dat God vêr van ons af is? Hoekom sê jy so?
- Wat het jy geleer uit Jesaja 15 oor of God naby of vêr is?